**Dwarstrekkers, dwepers en dokters: merkwaardige vertellings uit die Anglo-Boereoorlog.**

J.C. (Kay) de Villiers.

Pretoria: Protea Boekhuis. 2011. 199 pp.

ISBN: 978-1-86919-379-9.

DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v49i1.26

Nee, *Dwarstrekkers, dwepers en dokters* is nie nog 'n Max du Preez-titel wat die geskiedenis tot die belangstellende leser bring nie, maar 'n heerlike hutspot van oorskiet mediese verhale deur J.C. (Kay) de Villiers wat nie in sy formele geskiedenis van die militêre geneeskunde van die Anglo-Boereoorlog ingepas het nie. Laasgenoemde is uiteraard sy monumentale *Healers, Helpers and Hospitals* (2 dele) wat Protea Boekhuis in 2008 gepubliseer het. De Villiers is 'n emeritusprofessor van die Universiteit van Kaapstad waar hy hoof van neurochirurgie was.

Ons het hier te doen met 'n aantal ware verhale uit die mediese geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, met moontlike uitsondering die een oor die avonture van Maria Z, 'n Russiese mediese dokter wat glo haar ontroue eggenoot in Suid-Afrika gaan opsoek het waar hy as vrywilliger by die Boerestryd teen Brittanje betrokke geraak het.

Soos met *Healers, Helpers and Hospitals* is 'n kenmerk van die publikasie die deeglike navorsing van die skrywer. Die oorsprong van byna elke verhaal is die dagboek of herinneringe van die betrokke persoon of persone en inligting uit hierdie en sekondêre bronne word behendig tot 'n aangrypende verhaal gevleg. Aan die einde van elke verhaal/hoofstuk maak die dagboek of herinneringe deel uit van 'n nuttige bronnelys.

Die skrywer beskik oor 'n gemaklike, informele verteltrant, deurspek met humor, wat die leser se belangstelling enduit behou. So lees ons van die Franse ingenieur, kaptein Léon, wat as tegniese adviseur van die firma Schneider et Cie die Franse Long Tomkanonne by die Boere vergesel het: "Léon was 'n man wat maklik opgewerk geraak het. Hy was op sy Frans *très excitable*. Ná die opblaas van sy lieflingkanon in Natal was hy feitlik in 'n permanente toestand van ergernis" (49). Van Eugène Marais skryf hy: "In 1901 het hy naelskraap sy eksamens in die regte geslaag. Met dié prestasie agter die rug, staan sy kop huiswaarts om in die voortslepende oorlog te gaan veg" (92); of: "chirurg-generaal Wilson was 'n soliede staatsamptenaar wat selde, indien ooit, deur 'n oorspronklike gedagte gepla is" (23).

Indrukwekkende figure kom by ons op huisbesoek langs. Daar is Mary Kingsley wat Boerekrygsgevangenes met maagkoors in die Palace Barracks-hospitaal in Simonstad behandel en self te sterwe kom; dr. Cameron Dunlop wat die Boere aan die wesfront versorg en nog in die oorlog vanweë sy werk by die Uitvlugt-peshospitaal in Kaapstad aan builepes beswyk; die lewenslustige "dr." Tewie Wessels, Vrystater en mediese student aan die Universiteit van Edinburgh, wat met die uitbreek van die oorlog na Suid-Afrika terugkeer ten einde by die Boeremagte aan te sluit, net om in Februarie 1902 naby Vanrhijnsdorp te sneuwel; die verdwene gebeentes van Boerekommandant Gideon Scheepers en Britse kaptein Thomas Nesham, waarby hul soekende moeders betrek word; Robert Poore, die hoofprovoos van die Britse leër in Suid-Afrika, wat eintlik meer bekend was vir sy talente met 'n krieketkolf; en vele meer, genoeg om 'n mens gesond te dokter.

Die skrywer sluit sy verhaal van 'n aantal Boeregeneeshere en aspirantgeneeshere wat enduit by die kommando's gebly het, af met

die woorde: "Daar is geen monument vir hulle nie. Hulle en hul bydraes is feitlik in alle opsigte vergete. As 'n geneesheer dra ek graag, ná 110 jaar, hierdie klein tribuut aan hulle op as 'n kollegiale eerbetoon aan hulle gedagtenis" (180). 'n Mens sou hierdie genotvolle boek kon beskou as 'n gepaste monument vir al die persone wat met sy pen bestryk is.

*Fransjohan Pretorius*
Universiteit van Pretoria
Pretoria